KERK EN GEMEENSKAP*

P.P.A. Kotzé

1. Inleiding

Die onderwerp: Kerk en gemeenskap, is die mees aktuele onderwerp van ons dag. Dit blyk uit die roeringe in ons eie kerkgeledere gedurende die afgelope tyd. Dit gee aanleiding tot heftige diskussie en tog is die pad daarvan nog nie stofgetrap nie, omdat, so lyk dit my, denkers doelbewus nie graag in mekaar se voetspore wil trap nie.

Die doel van hierdie referaat oor dieselfde onderwerp, is nie om 'n kits-antwoord op knellende en ingewikkelde vraagstukke aan te bied nie, maar om te dien as 'n soort van aanloopbaan vir ons studente om verder oor die saak te besin. Hierdie doel wil ek graag onderstreep, anders mag die referaat verkeerd geëvalueer word.

Om verder te besin oor die onderwerp is dit noodwendig om kennis te neem van die stand van die denke oor die saak. In die tweede plek wil ek probeer aantoon hoe hierdie denke vanuit die Nuwe Testament beoordeel moet word. Met so 'n beoordelingsnorm sou ek by 'n paar aspekte oor die dat en die hoe van die taak van die kerk in die gemeenskap wou aansny vir u kritiese beoordeling.

2. Historiese oorsig

On nie te verval in 'n oorvereenvoudiging nie, moet die historiese wortels van die verskillende standpunte nagegaan word. Ek wil dit doen aan die hand van 'n uitstekende artikel van J J F du Randt, "Kontemporêre modelle vir die verhouding van kerk en samelewing", Miscellanea Congregalia, vol 6 (1978). Ek doen dit baie kursories omdat dit waarskynlik goed bekend is by die senior studente en deur lesings in die toekoms aan die ander bekendgestel sal word. Tog is dit noodsaaklik vir die geheelpatroon van die onderwerp.

2.1 Die Rooms-Katolieke natuur-genade-model

Rome het geleer dat die genade die natuur nie ophef nie maar vervolmaak. Hiervolgens lewe die gemeenskap onder die bevoogding van die kerk. Met die verval van die Corpus Christianum, vind 'n herdefiniëring van die verhouding van kerk en gemeenskap plaas waarin die wêreld gesien word as belaai met 'n

---

* Rede gelewer tydens die opening van die Fakulteit, Februarie 1981.

immanente dinamiek wat voortstu na voleinding en in hierdie proses moet die kerk sacramentum mundi wees. Die begrip bevoogding word nou vervang met die begrip penetrasie. Die kerk moet veral in die gelowige lidmaat die gemeenskap penetreer in 'n dienskneg gestalte. Gutierrez (Asman, Segundo) neem die gedagte verder en ontwikkel dit in die Derde Wêreld tot 'n opvatting dat die kerk alleen sakrament van die wêreld kan wees in 'n effektiewe solidariteit met die verdrukte klasse. J.B. Metz gaan verder, en sê dat die kerk subversief, steurend in die wêreld teenwoordig moet wees in vertellende herinnering aan die dood en opstanding van Christus.

2.2 Die Lutherse twee-ryke model

Soos wet en evangelie vir Luther verskil, so is daar vir hom 'n wêreldlike en geestelike ryk waarin die gelowige tegelyk leef. Die kerk moet die mens tot geloof bring om sy funksie in die staat te kan uitvoer en die staat moet die uiterlike bestaan van die kerk beskerm.

Geskroei deur die nasionaal-sosialisme en Nazi-Duitsland, breek Dietrich Bonhoeffer met die twee-ryke tradisie. Die mondige goddelose wêreld is deur Christus met God versoen. Om Christus ontwil moet die kerk wêreldlik wees met 'n "Arkandisziplin" van persoonlike en innerlike omgang met God in die gebed. Helmuth Thielicke leer dat God 'n kompromis met die wêreld maak. Dit mag voortbestaan terwille van die uitbreiding van die evangelie. Dus kan daar geen revolusie wees nie maar ook nie konserwatisme nie want daar is die absolute eis van God wat nog nie gerealiseer is nie. Deur middel van infiltrasie van veral die indiwiduele gelowige moet die samelewingstrukture vernuwe word (met verwysing na Paulus se houding tot slawerny soos dit in die Filemonbrief voorkom).

2.3 Die Gereformeerde christokratiese model

Calvyn sien 'n innerlike betrokkenheid tussen wet en evangelie en in lyn hiermee, die twee ryke onder die een heerskappy van Christus, en daarom sou die kerk die staat kon aanspreek by 'n tekortkoming aan die eise van Gods Woord.

Kuyper sien die skepping as 'n bestel in God se algemene genade. Die kerk het sy oorsprong in die besondere genade. Daar kan dus nie 'n christelike staat wees nie. Hy onderskei ook tussen die kerk as instituut en die kerk as organisme. Die kerk as instituut mag nie sy grense oorskrei deur by die politiek betrokke te raak nie. In die kerk as organisme kan 'n christelike party gestig word waardeur die kerk sy invloed op die staat kan uitoefen. In die gemeenskap moet die gelowige sy christelike invloed laat geld.

Barth besien die verhouding kerk/samelewing vanuit die gesigshoek van die koninkryk van God. Die evangelie het immers die wet voorafgegaan. Die staat het dus 'n plek in Gods heilsplan. Die verwagting van die nuwe bedeling skei kerk en staat, maar bind hulle ook saam. Hy stel die verhouding voor met twee konsentriese sirkels met 'n gemeenskaplike middelpunt, naamlik Christus. Vanaf Christus straal die lig van die koninkryk op die kerk as die binnesirkel, en vandaar weer op die wêreld as die buitesirkel. Die regte staat moet in die regte kerk sy oerbeeld en voorbeeld sien. Die kerk leef eksemplaries deur die anonieme teenwoordigheid van die christen, en sy anonimiteit kry sy teenhanger in die sprekende en verkondigende kerk.

2.4 Die revolusionêre eskatologiese model

Sonder duidelike konfessionele lyne is dit die konvergensiepunt vir diegene wat oordeel dat die drie klassieke modelle misluk het om 'n antwoord te bied vir die krisissituasie in die verhouding kerk en samelewing. Die krisissituasie is 'n rewolusionêre situasie van die opstand van die Derde Wêreld teen die ekonomiese uitbuiting van die blanke nywerheidslande. Hulle word verteenwoordig deur mense soos byvoorbeeld Shaull, Alvez, Moltmann, Cox, Gutierrez, Metz en Brandon. Die kerk het volgens hierdie manne misluk omdat dit so ingestel is op die bekering van die individu en om dit 'n nuwe gerigtheid te gee, word rewolusie en 'n radikale eskatologie aan die hand gedoen.

Daar moet 'n konstante verandering van die gevestigde strukture wees en 'n protes teen enige vorm van konformisme. In 'n negering van die hede gaan die toekomsmoontlikhede op. Die kerk dien die wêreld deur dit te verander tot wat God beloof het. Veral kom in sig die wêreld van armoede, lyding en verdrukking. Die koninkryk is <u>sub contraria</u> by hierdie mense teenwoordig, en hier moet die heerskappy van Christus as die heerskappy van die Gekruisigde ontdek word. God is nie in die hemel nie maar in die rewolusionêre gebeure,

sê 'n ander, en hierin moet die kerk God navolg. Die orde God-kerk-wêreld word verander in 'n skema God-wêreld-kerk. Christene moet hulle in internasionale revolusionêre sektes saamsnoer om as agente vir die wêreld op te tree (Shaull).

2.5. Polarisasie

Hierdie vier modelle waaraan ek u slegs deur 'n paar penstrepe herinner, moet egter aangevul word deur wat op 'n onlangse kongres te Grand Rapids aan die lig getree het, naamlik die verskynsel van 'n polarisasie van die standpunte wat neig tot 'n radikalisme. Die een pool word min of meer verteenwoordig deur die vierde model wat hierbo bespreek is en wat H. Ridderbos op die kongres soos volg tipeer het: "Shall the church be able to survive in our turbulent times then she has to take the risk of leaving its secure isolation, to turn itself inside out, to participate in the name of christ and his kingdom in the struggle for peace and justice".

Aan die anderkant is daar 'n verradikalisering in die teenoorgestelde rigting. Die werklike bedreiging vir die kerk is nie dat hy sy roeping in die wêreld verloor het nie, maar dat die grense tussen die kerk en die wêreld uitgewis word. Die kerk staan gevaar om sy uniekheid as die volk van God prys te gee, om sy boodskap aan te pas by 'n nuwe soort "social gospel, strongly influenced by neo-marxism." Juis om die evangelie te kan verkondig, juis om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees, moet die kerk kerk wees en kerk bly.

3. Die Koninkryk van God as beoordelingsnorm

Om te kom tot 'n beoordelingsnorm vir hierdie standpunte, wil ek u daarop wys dat albei hierdie radikale pole Christus en sy uitsprake wil annekseer vir hulle respektiewelike opvattings. Die voorstanders van revolusionêre veranderings beroep hulle op die volgende:

> Jesus se verkondiging dat die koninkryk van God naby gekom het. Die fanatieke politici van sy tyd het dieselfde verkondig. Die ironie in die woorde van Jesus oor die konings wat oor die mense baasspeel en gesag afdwing, en hulle dan weldoeners laat noem (Lk.22:25)
>
> Sy kritiese houding teenoor Herodes wat hy "daardie jakkals" noem.

Sy optrede het aanleiding gegee daartoe dat die skare Hom as Koning wou uitroep (Joh. 6:15)

Sy uitspraak dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie maar die swaard en dat die dissipels hulle klere moet verkoop en swaarde moet aanskaf.

Die feit dat van die dissipels van Jesus uit die Seloteparty was.

Die feit dat Jesus as politieke oproermaker gekruisig is, soos die opskrif bo die kruis aantoon.

Diegene wat Jesus voorhou as Verdediger van die bestaande orde wys op:

sy woorde teen geweld soos vervat in die Bergrede,
sy uitspraak oor liefde vir die vyande,
dat Hy die vredesoekers geseënd noem,
sy bevel om die swaard in die skede te steek,
sy getrouheid in die nakoming van die wet,
die feit dat Hy 'n tollenaar, een van die besettingsmag, in sy dissipelkring opgeneem het, en dat Hy graag saam met die tollenaars en sondaars verkeer het.
Maar veral word gewys op Jesus se radikale afwysing van elke versoek as 'n versoeking om Hom in 'n politieke rol te betrek in die uitvoering van sy Messiaanse roeping.

Hierdie teenstrydige opvattings uit dieselfde bron, naamlik die Skrif, moet toegeskryf word aan vooroordele en voorveronderstellinge. Voorstanders van die standpunte aan albei kante gaan uit van die apriori dat Jesus eenvoudig 'n Verteenwoordiger van revolusionêres of 'n Verdediger van die bestaande orde moes wees. In werklikheid het Jesus Hom nie laat opeis deur enige menslike denkrigting of instelling nie, omdat Hy die hele gemeenskapswêreld in hoeveel verskillende en selfs teenoorgestelde vorms dit ookal mag bestaan het, beoordeel het vanuit sy sentrale boodskap, naamlik die koninkryk van God en hierdie koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Omdat dit nie van hierdie wêreld was nie het sy houding die alternatiewe "rewolusie" of "bestaande orde" getransendeer. Daarom kon Hy tegelyk sê: "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard" (Mt. 10;34) in die sin dat daar tweedrag sou wees tussen die wat Hom liefhet en die wat Hom nie liefhet nie, en ook: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."

Wanneer u dus gaan besin oor die verhouding van kerk en samelewing, sal u vanuit die fokus van die Skrif weer moet gaan kyk na die betekenis van begrippe wat so dikwels in verband met die onderwerp gebruik word - begrippe soos versoening, geregtigheid, bevryding, humanisering, sosialisering, regte, menseregte. Dit sal ook u norm moet wees om vooroordele en voorveronderstellings te gaan toets: of dit antimetafisies, antroposentries, humanisties, of dit 'n bepaalde filosofiese geskiedenisbeskouing het of 'n politieke ideologiese benaderingshoek het.

4. Die DAT en HOE van die taak van die kerk in die samelewing

4.1. Inleidend

As ons nou met hierdie beoordelingskriterium gaan kyk na die dat en die hoe van die taak van die kerk in die samelewing, sal ons inleidend moet sê dat Christus sy kerk in 'n bepaalde verhouding tot sy koninkryk geplaas het, naamlik 'n eksistensie in 'n spanningsveld tussen 'n indikatief en 'n imperatief; 'n reeds en 'n nog nie en veral die spanningsveld van in die wêreld te wees maar nie van die wêreld te wees nie. Met hierdie lig sou ons reeds kon sê dat isolasie soveel klem lê op die "nie van die wêreld nie" dat met die "in die wêreld" te wees nie genoeg erns gemaak word nie. Die roep tot vereenselwiging met die wêreld in so 'n mate dat die gemeenskap vir die kerk sy agenda moet opstel, beklemtoon die "in die wêreld" op so 'n wyse dat die "nie van die wêreld" te wees nie, so te sê verdwyn.

4.2 Dat

Om in die lig hiervan te sê DAT die kerk 'n taak in die gemeenskap het, val nie te beredeneer nie. Dit word beskryf in terme van getuies te wees van Christus (Lk. 24:48, Hd 1:8), die verkondiging van die blye boodskap (Mt 28:19). Die kerk in Filippi word aangesê om bo alle verdenking te staan en opreg te bly "onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en verdorwe mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld." Vergelyk ook Mt. 5:13-16: "Julle is die sout van die aarde..... Julle is die lig van die wêreld .....Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." Die Nuwe Testament is vol opdragte met hierdie strekking. Terwyl die kerk besig sou wees om hierdie opdragte uit te voer, sal die Heilige Gees deur sy Woord die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en

oordeel (Joh. 16:8-11).

4.3 Die aard van die taak van die kerk in die gemeenskap

Dikwels word in verband met die feit dat die kerk 'n taak in die gemeenskap het, ook gesê wat die aard van hierdie taak moet wees en dan word gewerk met begrippe soos versoening, geregtigheid, vrede, eenheid en toekoms. Ek wil sommige van hierdie begrippe as 't ware net op die sakelys plaas vir u besinning.

4.3.1 Versoening (regverdiging)

Vir diegene wat die boodskap in geloof aanvaar, word die beloftes van die koninkryk in beginsel 'n werklikheid. Die begrip wat hier ter sprake kom, is versoening waarin die regverdiging of geregtigheid 'n fundamentele rol speel (Rom. 5:9, 2 Kor. 5:1 vv.). Die vertikale dimensie, versoening met God, word sterk verbind met die horisontale in Ef. 2:16. Jood en nie-Jood word met God versoen en tot een liggaam verenig. Maar let nou op dat 'n humanistiese opvatting van 'n bloot politieke versoening nie uit die uitspraak afgelei kan word nie. Paulus het nie hier in die oog die versoeningsaksie tussen vyandige volke of gemeenskappe nie. Dit gaan hier om die soenverdienste van Christus aan die kruis waar Hy Homself geoffer het vir die eskatologiese Godsvolk. Elkeen wat met God versoen is, word deel van die liggaam van Christus en word so bevry van sy vyandskap teenoor ander lede van die liggaam van Christus.

4.3.2 Vrede

Dieselfde geld die vredesverkondiging. Jesus het juis gesê dat Hy tweedrag bring tussen die wat in Hom glo en die wat nie in Hom glo nie. Aan die gelowiges gee Hy 'n vrede wat nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 14:27) en dit vind sy neerslag in 'n vrede tussen die verskeidenheid van die lede van die een liggaam (Ef. 2:16).

Sodra hierdie begrippe: versoening, geregtigheid, vrede ens. verpolitiseer of verideologiseer word, ruk jy dit uit die koninkrykskonteks uit.

4.3.3 Eenheid

Neem 'n ander begrip: eenheid. Die eenheid van die liggaam word sterk beklemtoon, maar dit is 'n eenheid wat gedien moet word deur die verskeidenheid. "As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees?" 1 Kor. 12:12vv. moet in sy hele verband verstaan word. So ook Joh. 17:20-23 wat terwille van die eenheidsgedagte soms heeltemal ongenuanseerd aangehaal word. In die eerste plek is dit 'n eenheid waarvoor Jesus bid. Dit is 'n gawe van God waarvoor daar gebid moet word. Verder is dit 'n eenheid soos die Vader en die Seun een is. Dit terloops is die wesenskenmerk van die Johannese eenheidsgedagte. Dit is dus 'n liefdeseenheid wat alleen kan bestaan in vryheid. Sodra 'n dwang anders as die liefdesdwang hier ingedra word, word die eenheid opgehef.

4.3.4 Toekoms

'n Verdere kenmerk van die dat van die taak van die kerk in die gemeenskap, is dat dit geplaas is onder 'n dubbele eskatologiese perspektief. Met die koms van die Christus het die koninkryk gekom. Terselfdertyd moet die kerk bid: Laat u koninkryk kom! Daarmee is die belofte van die koninkryk oor en voor die gemeente geplaas en mag sy haar uitstrek in 'n hoop wat verseker is deur Christus as die ja en amen op al die beloftes van God. Met hierdie hoop mag sy in die wêreld leef as 'n magtige getuie van die koninkryk.

4.3 Hoe?

4.3.1 In die lig van die aard van die gemeenskap

Voordat nou oorweeg word hoe die kerk sy taak in die gemeenskap moet uitvoer, is dit uiters noodsaaklik om te kyk na die aard van die gemeenskap waarin sy verkeer. Teenoor die Godsvolk staan die gemeenskap. Vanuit die Nuwe Testament kan ek die antitese ongelukkig nie swakker stel nie. Die mense is verdeel in diegene wat hulle, al is dit op gebrekkige wyse, onderwerp aan die heerskappy van God en hulle wat hierdie heerskappy nie aanvaar nie. Dit hang saam met 'n keuse vir of teen Christus. Die twee groepe staan teenoor mekaar in 'n stryd (Openb. 1 Kor. 15:24-28), waarin dit nodig is vir die gelowige om 'n volle wapenrusting te dra (Ef. 6:10-20). Die gemeenskap word beskryf in terme van vervreemding van God (Ef. 2:12 - let veral op Rom. 1:18-3:20), as vyande van God (Kol. 1:21) as verduister in die verstand en daarom

volhard hulle hardnekkig in hulle onkunde (Ef. 4:18). Hulle is onder die swang en dwang van bose magte (Openb. 13:5-8). Dit is 'n ontaarde en verdorwe gemeenskap. Merkwaardig word die staat in hierdie gemeenskap beskryf as 'n instrument van God om die sonde met die swaard aan bande te lê en daarom gehoorsaamheid deur die kerk verskuldig is (Rom. 13:1vv.; 1 Pet. 2:13 - 17; 1 Tim. 2:2; Tit. 3:1vv.;) behalwe in Openb. 17, waar die staat beskryf word as in opstand teen die heerskappy van Christus en dan ook die saad van sy eie vernietiging in hom omdra (Openb. 17:8, 16,17).

3. Hoe, in hierdie situasie?

Die vraag is nou: hoe moet die kerk sy taak in hierdie gemeenskap vervul? Die kerk moet die beginsels van die koninkryk van God onbevrees, al gaan dit gepaard met lyding en bedreiging deur die dood, met woord en daad in die naam van Christus proklameer, terwyl dit die wêreld met die bewoënheid van Christus roep tot sy koninkryk.

As 'n definisie van beginsels aanvaar ek voorlopig die van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode as "a regulative rule of conduct expressive of Gods will as revealed in Scripture and demanding application regardless of time, place and circumstances." Verder is dit 'n proklamasie - 'n koninklike aankondiging omdat dit geskied in die naam van die Koning van die kerk wat tegelyk Koning is van die koninkryk en voor wie uiteindelik elke knie sal buig. Dit is 'n proklamasie in woord en daad.

Deur die Woordverkondiging moet die kerk nie alleen alle mense tot bekering roep nie, maar ook die beginsels van die koninkryk gesagvol in die Naam van Christus aankondig as die raamwerk waarbinne die toepassing van die beginsels uitgewerk moet word. As dit 'n proklamasie is van beginsels as 'n raamwerk vir die toepassing daarvan, moet dit direk in verband gebring word met die vraag na die verandering van strukture. Nêrens het die Here Jesus of die apostels 'n direkte revolusionêre verandering van strukture verkondig nie. Die beginsels van die koninkryk was die dinamiek wat deur lewensveranderinge 'n ewolusie van strukture tot stand gebring het. Daarom wil ek hier werk met die begrip kerk as organisme en dan nie net as keersy van die kerk as instituut nie, maar soos dit funksioneer in die lidmate op 'n skoolkomitee, of as lede van die parlement, of as wetenskaplikes.

Die woordverkondiging moet gepaard gaan met daadverkondiging daarin dat die beginsels van die koninkryk van God, al sou dit in 'n voorlopige en gebrekkige gestalte na vore tree, deur die lede van die liggaam van Christus uitgeleef word.

Die koninklike proklamasie deur woord en daad moet per definisie geskied in die dienskneggestalte. Dit was toe Jesus sy dissipels se voete klaar gewas het dat Hy gesê het: "Julle noem my 'Meester' en 'Here' en julle is reg, want Ek is dit. As Ek wat julle Here en Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was." Jesus definieer sy Heerskap en sy Meesterskap in terme van knegskap. Dat die dienskneggestalte nie alleen in 'n eie esoteriese kring openbaar moet word nie, leer die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. So word die kruis verkondig deur die daad - dat God die wêreld so lief gehad het dat Hy sy Eniggebore Seun gegee het.

Met so 'n teenwoordigheid van die kerk in die wêreld, word die boodskap van die koninkryk as geloofwaardig en as ongeloofwaardig ervaar.

Geloofwaardig in sy wêreldbetrokkenheid omdat die werklikheid van God die werklikheid van die wêreld ingegaan het in Jesus as die gekruisigde. Daar bestaan geen effektiewer wêreldbetrokkenheid nie.

Maar ook ongeloofwaardig omdat hierdie wysheid van God toentertyd 'n onsin vir die wêreld was en vandag as opium vir die volk beskryf word. Pogings om die kloof tussen die geloofwaardigheid en die ongeloofwaardigheid op 'n makliker manier as die Gekruisigde Christus te wil oorbrug, strand op die sand van akkommodasie.

"Vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God. Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter as die krag van mense." (1 Kor. 1:24,25).